

---

# MEESTERSGRAAD IN OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING

## (MED OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING)

### Programbeskrywing

Hierdie 2-jaar deeltydse program bied aan opvoeders en fasiliteerders wat binne die formele en/of informele sektor werksaam is die geleentheid om kennis en vaardighede te ontwikkel ten einde die behoeftes aan ondersteuning en navorsing in 'n snel-veranderende Suid-Afrikaanse opvoedingskonteks aan te spreek. Daar is drie fokus-areas in die program: Inklusiewe onderwys, assessering en leerondersteuning; Ondersteuning in skool- en gemeenskapsverband; en Inleiding tot kwalitatiewe navorsing.

### Die doel van die program

Hierdie gestruktureerde program poog om opvoeders toe te rus om die potensiaal van enige leerder met diverse opvoedkundige behoeftes in sy of haar unieke opvoedkundige konteks(te), wat formele en nie-formele opvoedkundige gemeenskappe kan wees, te identifiseer. Die doel is om leerhindernisse in skole en gemeenskappe te identifiseer en om opvoedkundige ondersteuning te bied.

### Die duur en aanbiedingswyse van die program

Hierdie gestruktureerde program word oor 'n minimum van twee akademiese jaar aangebied. Die wyse van aanbieding is kontakonderrig op kampus asook via die SUNLearn-platform. Die inname vir hierdie gestruktureerde program word tweejaarliks gedoen. Hierdie is 'n keuringsprogram, en voornemende studente doen voor die einde van Junie van die voorafgaande jaar aansoek.

### Vereistes

Studente mag aansoek doen indien hulle:

1. 'n BEdHons-graad of 'n ander vier-jaar Baccalaureusgraad in Opvoedkunde het wat deur die US Senaat goedgekeur is vir hierdie doel; of
2. 'n Honneursgraad op NKR vlak 8 wat goedgekeur is deur die US Senaat vir hierdie doel en 'n goedgekeurde onderwysdiploma/-sertifikaat het (addisionele studies in Opvoedkunde kan vereis word van hierdie kandidate);
3. 'n algehele gemiddeld van 60% in hul BEdHons of ekwivalente studie verkry het;
4. 'n module in navorsingsmetodologie op honneursvlak geslaag het;
5. 'n minimum van twee jaar se onderrigervaring het.

Aansoeke vir die 2016 inname het gesluit. Die volgende inname is in 2018.

### Vir inligting oor die program, gaan na

- <http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/Pages/Calendar.aspx> (Deel 6)
- Kontak US kliëntediens by [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za)
- Skakel die Departement Opvoedkundige Sielkunde by 021-808 2308 of 021-8084831
- Versoek informasie oor die program by die program koördineerder, Prof. Doria Daniels by [doria@sun.ac.za](mailto:doria@sun.ac.za)